

20 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 31
Fokusgedeelte: Psalm 31:16-17

Ewig veilig in die Here se hand!

Heerlik om te kan bely dat ons “tye” in God se hand is! Dit is veral waar wanneer ons tye beleef wanneer dit voel of ons “hande afgekap” is, daardie krisistye wanneer ons nie herwaarts of derwaarts weet nie, raadop en moedeloos is. Met “tye” bedoel Dawid nie bloot kronologiese (horlosie-)tyd nie, maar ook alles wat hierdie tye *vul*. Dit is dus die lewe met al sy verskillende gebeure en periodes, van jeug en ouderdom, voor- en teenspoed, gesondheid en siekte, vreugde en hartseer! Dit is opvallend dat, hoewel dit oënskynlik lyk asof Dawid se “tye” in een of ander vyand se hand is (hy bid immers om bevryding daaruit), hy nogtans bely dat dit eintlik in die Here se hand is. Sy hande spreek van redding, bevryding en beskerming (Eks 14:8), heerskappy en beskikking, krag en versorging (2 Kron 20:6)! Hierdie belydenis vra egter vertroue, ’n geloofsoorgawe aan die Here, die troue God van die verbond: “In u hande gee ek my lewe oor ...”

Vanuit hierdie geloofsoorgawe kan ons bid om redding en uitkoms en kan ons rus vind in sy veilige hande! Het Jesus nie ook hierdie woorde aan die kruis uitgeroep nie? Daarom het ons die sekerheid dat nikks ons uit die Here se hand sal ruk nie!

Sing: Psalm 31:12 (Totius-beryming)

Ds. HC van Rooy (Port Elizabeth)